

# Ons Erediens

## NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:  
Ds. Martiens Swart – 27 September 2020

### 1. SKRIFLESING EN GEBED.

**TEMA: GOD HET JOU BESTEM VIR 'N SPESIALE LEWE**

**TEKS: Efesiërs 2 vers 4, 5 en 10**

**Vers 10: "Want ons is sy maaksel (poiema), in Christus Jesus geskape vir goeie dae waarvoor God ons vooraf gereedgemaak het" (Letterlike vertaling)**

#### 1. Die Bestemde, Spesiale Lewe geld vir alle soorte Tye / Omstandighede

- Sy tye is nie uitgesluit nie; God se program is nie gekanselleer nie
- Dit is waar van alle Christene oral
- Dit gaan om "goeie" God-voorbereide praktiese dae of lewe ("goeie" in die Bybel is die spesiale uit die kreatiewe Skeppergod se hand vir ons)

#### 2. Hy het dit so betsem uit Sy groot liefde en genade

- Ons kan ons nie verbeel of krediet daarvoor neem nie
- Dit is sy groot liefde volgens verse 4 en 5, en 3:18 en 19
- Dit is uit Genade: Jesus se redding as geskenk

#### 3. As "meesterstuk" herskep God ons vir die Spesiale Lewe

- Sy "maaksel" Poiema in Grieks (Poem in Engels)  
"workmanship, masterpiece, work of art"
- Jy is waardevol, 'n kunswerk en vaardig geskep met 'n doel
- Vergelyk voorbeelde... bv Joni Eareckson Tada, 'n kwadroleeg, as christen spreker, skilder, sanger – instrument in God se hand



#### 4. Gaan leef jou Spesiale Lewe (Matt 5:16)

- Gered **nie deur** goeie daade nie, maar **vir** goeie daade
- Alles is gereedgemaak vir jou
- '33 vertaling "wandel", leef dit daaglik... '83 vertaling "wy"

**Jy is Uniek, daar is 'n unieke lewe vir jou, 'n spesiale lewe vir jou!**

#### 2. SLOTLIED: Doen slegs U wil Heer:

Doen slegs U wil Heer,  
U wil met my  
U pottebakker, met my die klei  
Vorm my en maak my, net soos U wil  
Op U bly wag ek, nedrig en stil

Hou my gewillig onder U hand  
Lei my emosies, krag en verstand  
U wil ek dien Heer, U wil ek eer  
U weet die beste, U moet regeer

#### 3. OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.  
U as gesin kan EFT, of snapsan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.  
Absa Tjekrekening 1460165489  
Takkode:632005  
Verwysing: Dankoffer

